

8 Mei

Skrifgedeelte: Galasiërs 3:1–6

Fokusgedeelte: Galasiërs 3:6

Plakkaat en graffiti (2)

Weinig mense aanvaar dat hulle gered word alleen omdat Christus aan die kruis die volkome versoening vir al die sonde gedoen het. Hoeveel mense wil nie voorwaardes stel nie – vereistes waaraan die mens moet voldoen sodat hy vergifnis van die sonde kan ontvang? Dit is die graffiti wat bo-oor die plakkaat van die vorige oordenking geskrywe word. Dit is die plakkaat wat preek dat die mens gered word *enkel en alleen omdat hy glo* (Rom 1:16,17).

Hoe lyk hierdie graffiti? Sommige beweer dat die mens sekere rituele moet ondergaan saam met die kruisdood van Christus. In die gemeente in Galate het die vyande van die kerk gepreek dat die lidmate steeds besny moes word. Vandag word gepreek dat die mens groot gedoop moet word of slegs aan 'n bepaalde kerk moet behoort om gered te word. Ander graffiti basuin uit dat Christus nie werklik gely het nie, nie werklik Mens was nie, of nie werklik God is nie. Hierdie boodskappe versiés nie net die boodskap van die plakkaat nie, maar probeer om die boodskap van die plakkaat kragteloos te maak.

Die vyand van God, Satan, wil elke preek versiés met sy graffiti. Ons kan en mag dit nie toelaat nie en daarom het elke lidmaat met elke preek die verantwoordelikheid om te vra: Word Christus alleen gepreek, of word graffiti vir my opgedis?

Neem dié eenvoudige boodskap ter harte: Die dood en opstanding van Christus is die enigste grondslag vir jou verlossing. Toets elke preek aan God se volmaakte Woord en oordeel of dit graffiti of suiwer Woordbediening is.

Sing: Psalm 25:6 Ds HF van Wyk (Primrose)